# SONNEVELD AKADEMIE

('n Skool vir Christelik-Volkseie Onderwys)
(Artikel 21 Maatskappy – Registrasienommer: 2005/030301/08)
"Accredited by Umalusi, Council for Quality Assurance in General and Further Education and Training – accreditation number 17 SCH01 00328"
Straatadres: H/v Colliery- en Middelweg
RAND COLLIERIES, BRAKPAN, 1541
Posadres: Posbus 3467, DALVIEW, 1544
Telefoonnommers: 011 743 3622/3
E-pos adresse: sonneveldkantoor@outlook.com
of sonneveldskool@outlook.com
Webtuiste-adres: www.sonneveldakademiebrakpan.co.za

***SONNEVELD AKADEMIE***
***(Registrasienommer: 2005/030301/08)***

## GRONDWET

1. **NAAM:**

Die naam van die maatskappy is SONNEVELD AKADEMIE NPC (Vorige naam: BRAKPAN C V O SKOOL) *(Registrasienommer: 2005/030301/08). Die skool word bedryf onder die naam: SONNEVELD AKADEMIE.*

**2. WOORDOMSKRYWING:**

2.1 *MAATSKAPPY:*

*SONNEVELD AKADEMIE NPC is 'n outonome maatskappy sonder aandelekapitaal (artikel 21) wat beheer sal word deur die ledevergadering wat die grondwet bepaal ooreenkomstig die maatskappy se Statute. Die Grondwet mag nie bots met die Statute. Indien dit wel gebeur dat daar verskille is, sal die bepalings van die Statute geld.*

*2.2 LID:*

*'n Lid van die maatskappy sal elke ingeskrewe leerder se ouer of wettige voog wees.*

*2.3 BEHEERLIGGAAMSLID:*

*'n Beheerliggaamslid is 'n persoon wat aldus verkies is deur die lede van die maatskappy of deur die AP-Kerk Brakpan aangewys is, asook die diensdoenende Skoolhoof en sy/haar genomineerde.*

*2.4 SKOOLBELEIDE:*

*Dit is 'n uitgebreide omskrywende bestuurs- en beleidsdokumente van die maatskappy om praktiese uitvoering aan die Statute en Grondwet van die Maatskappy te gee. Dit word opgestel in ooreenstemming met die Statute en Grondwet van die Maatskappy en mag nie in stryd daarmee wees nie.*

*2.5 DIE BEHEERLIGGAAM:*

*Dit is die liggaam wat onderskeidelik deur die stemgeregtigde ouers van die skool op die Algemene Jaarvergadering verkies word, en deur hulle verteenwoordig word, asook deur die AP-Kerk Brakpan aangewys is. Die diensdoende Skoolhoof en sy/haar genomineerde vorm die staande lede van die Beheerliggaam.*

*Die beheer en uitvoerende gesag van die maatskappy, soos vervat in hierdie Grondwet*

*van die maatskappy, berus by hierdie liggaam.*

*2.6 <u>OUER:</u>*
*Dit verwys na 'n ingeskrewe leerder se biologiese ouers, aannemende ouers of persone by wie die leerder in pleegsorg is of enige persoon onder wie se direkte beheer en toesig die leerder geplaas is deur 'n instansie daartoe gemagtig deur wetgewing.*

*2.7 <u>LEERLING / LEERDER:</u>*
*'n Kind wat ingeskryf is by Sonneveld Akademie en wat voldoen aan die bepalings van die skool se Toelatingsbeleid.*

*2.8 <u>SKOOL:</u>*
*Sonneveld Akademie: Registrasienommer by Gauteng Onderwysdepartement (EMIS): 700310839.*

*2.9 <u>SKOOLHOOF:</u>*
*Die skoolhoof is die Uitvoerende Hoof en Bestuurder van die skool. Die Skoolhoof word deur die Beheerliggaam aangestel. Die aanstelling word bekragtig op 'n Ouervergadering. Die Skoolhoof is bemagtig met uitvoerende gesag rakende die bestuur van die skool.*

*2.10 <u>ONDERWYSER</u>:*
*Persone wat deur die Beheerliggaam, in oorleg met die skoolhoof, aangestel is met die doel om binne skoolverband opvoeding en onderwys te behartig. Onderwysers rapporteer aan die Skoolhoof.*

*2.11 <u>DIE OUERVERGADERING OF LEDEVERGADERING:</u>*
*Dit bestaan uit alle stemgeregtigde ouers van die skool wat lede van die maatskappy is en vorm die hoogste gesagsliggaam van die skool. Nie-stemgeregtigde ouers mag ook ouer- en ledevergaderings bywoon maar nie aan die stemproses deelneem nie. Daar moet 21 kalenderdae kennis gegee word van 'n ouervergadering/ledevergadering. Indien daar kennis van die vergadering gegee is ooreenkomstig die bepalings van hierdie Grondwet, word die lede teenwoordig beskou as kworum en word dit as 'n behoorlike gekonstitueerde vergadering aanvaar.*

***3. <u>REGSPERSOON:</u>***
*Die maatskappy SONNEVELD AKADEMIE NPC is 'n regspersoon afsonderlik van sy lede of bestuursorgane. Dit is in eie naam die draer van regte en verpligtinge, besit die bevoegdheid om in eie naam kontrakte te sluit en enige ander regshandeling te verrig en om in eie naam as eiser en verweerder of as applikant en respondent op te tree.*

***4. <u>GRONDSLAG:</u>***
*Die grondslag berus op die Christelike, Calvinisties Protestants Gereformeerde beginsel.*

***5. <u>TAAL:</u>***
*Die taal van die maatskappy en skool is Afrikaans.*

***6. <u>DOELSTELLINGS:</u>***
*Die daarstelling, instandhouding, bevordering, beheer, en bestuur van onderwys vanuit uit 'n Christelike, Afrikaanse-kulturele basis vanaf die grondslagfase (Gr. RR) tot en met die Verdere Onderwys en Opleidingsfase (Gr.12).*

***7. <u>LIDMAATSKAP:</u>***
*Alle stemgeregtigde ouers is lede van die maatskappy.*

*7.1 <u>VEREISTES VIR LIDMAATSKAP:</u>*
*7.1.1 'n Lid moet die Grondwet, Statute en Toelatingsbeleid van die maatskappy/skool*

*onderskryf, daaraan voldoen en dit uitleef.*

*7.1.2 'n Lid moet voldoen aan die keuringsvereistes van die maatskappy/skool.*

*7.1.3 'n Lid moet 'n ingeskrewe kind in die skool hê.*

*7.1.4 'n Lid moet sy/haar finansiële verpligtinge teenoor die skool nakom of aanvaarbare redes verskaf en reëlings tref, asook dit stiptelik nakom.*

*7.1.5 'n Lid se gedrag moet ten alle tye van so 'n aard wees dat hy/sy die beeld van die skool positief uitdra en nie 'n verleentheid vir die skool sal wees nie.*

*7.1.6 Lidmaatskap is onderworpe aan die jurisdiksie van die Beheerliggaam en word jaarliks, of soos nodig, geherevalueer.*

*7.2 <u>BEËINDIGING VAN LIDMAATSKAP:</u>*

*'n Lid se lidmaatskap word outomaties opgeskort of nietig verklaar indien die lid:*

*7.2.1 se kinders, vir enige rede, nie meer in die skool is nie.*

*7.2.2 Nie sy finansiële verpligtinge nakom nie en nie aanvaarbare redes verskaf en reëlings tref nie en die reëlings nie stiptelik nakom nie.*

*7.2.3 Se gedrag van so 'n aard is dat hy volgens die oordeel van die Beheerliggaam 'n verleentheid vir die maatskappy/skool geword het.*

*7.2.4 Nie langer aan die keuringsvereistes van die maatskappy/skool voldoen nie.*

*7.2.5 Nie langer die Grondwet en Statute van die maatskappy onderskryf nie.*

*7.2.6 'n Ouerverkose beheerliggaamslid mag nie voortgaan om lid van die Beheerliggaam te wees nie, sou hy/sy nie meer aan punte 7.2.1 tot 7.2.5 voldoen nie.*

***8. <u>DIE BEHEERLIGGAAM:</u>***

*8.1 Die Beheerliggaam word drie-jaarliks deur die ouers tydens die Algemene jaarvergadering verkies asook saamgestel ooreenkomstig paragraaf 8.5. Die termyn van die verkose Beheerliggaam mag eenmalig met drie jaar verleng word indien dit so oorweeg en goedgekeur is deur die lede teenwoordig by 'n ledevergadering wat behoorlik gekonstitueer is.*

*8.2 Die beheer van die skool berus by die Beheerliggaam. Dit behels die daarstelling van beleide asook die beheer en kontrole oor die uitvoering van beleide en ouervergaderingbesluite. Die Beheerliggaam het geen uitvoeringsmagte oor die dag-tot-dag bestuur van die skool nie aangesien dit die uitsluitlike verantwoordelikheid van die Skoolhoof is.*

*8.3 Die Beheerliggaam is die werkgewer van die personeel en is verantwoordelik vir die daarstelling van bronne om onderwys te laat geskied ooreenkomstig die voorgeskrewe kurrikulum. Die bestuur van die personeel en ander bronne is die verantwoordelikheid van die Skoolhoof.*

*8.4 Alle bepalings rakende die Beheerliggaamslede word vervat in die Statute van die maatskappy.*

*8.5 Die Beheerliggaam bestaan uit 10 lede. Vier lede word deur die stemgeregtigde ouers van die skool op die Algemene Jaarvergadering verkies wat hulle verteenwoordig. Hierdie verkose lede moet almal ingeskrewe ouers van die skool wees. Vier lede, waarvan een die diensdoende predikant van die AP Kerk Brakpan is, word deur die AP Kerk Brakpan aangewys. Hierdie lede wat deur die AP Kerk Brakpan aangewys word hoef nie ingeskrewe ouers te wees nie, maar word aangewys ooreenkomstig hulle vaardighede en ondervinding om op die skool se beheerliggaam te dien. Die 9de en 10de lede is die Skoolhoof en sy genomineerde vanuit die onderwysers van die skool, wat dus die enigste twee staande lede van die Beheerliggaam is. All Beheerligaamslede, wat insluit die Skoolhoof en sy/haar genomineerde, maar uitsluit gekoöpteerde lede, het volledige sittingsreg en stemreg op die Beheerliggaam.*

*8.6 Alle ouerverteenwoordigde lede van die Beheerliggaam moet stemgeregtigde ouers van die skool* wees. *Die lede van die Beheerliggaam aangewys deur die AP Kerk Brakpan hoef nie ouers van die skool te wees nie en ook nie noodwendig lede van die gemeente nie, maar word aangewys slegs na die diskresie van die Kerkraad van die AP kerk Brakpan.*

*8.7 Kennisgewing van die vergadering waarop verkiesing van Beheerliggaamslede sal plaasvind, moet skriftelik 21 kalenderdae voor die vergadering aan al die lede gegee word.*

*8.8 Nominasies vir ouerverteenwoordigde Beheerliggaamslede kan aangevra word vanaf stemgeregtigde ouers, nadat kennis van die vergadering waarop die Beheerliggaamslede verkies gaan word, gegee is. Stemgeregtigde lede van die ouervergadering mag ook lede nomineer tydens die ouervergadering, mits die betrokke genomineerde lid sy/haar nominasie aanvaar.*

*8.9 Die verkiesing van die Beheerliggaam word deur die skoolhoof waargeneem.*

*8.10 Die ampte van Voorsitter, Onder-Voorsitter en Sekretaresse van die Beheerliggaam word deur die verkose/aangewese Beheerliggaamlede verkies tydens die eerste/konstituerende vergadering van die Beheerliggaam wat onder voorsitterskap van die Skoolhoof sal plaasvind. Na die verkiesing van hierdie ampte, neem die verkose lede hulle ampte op vir die duur van die vergadering asook toekomstige vergaderings tot verstryking van hulle termyn of tot 'n herverkiesing plaasvind.*

*8.11 Nadat die Beheerliggaam aangewys is, mag hulle die Beheerliggaam uitbrei deur kundige persone tot die Beheerliggaam te koöpteer ooreenkomstig paragraaf 8.13.*

*8.12 'n Ouerverkose beheerliggaamslid mag nie voortgaan om lid van die Beheerliggaam te wees nie, sou hy/sy nie meer aan punte 7.2.1 tot 7.2.5 voldoen nie. In so 'n geval moet die ouer uittree en 'n verkiesing gehou word.*

*8.13 Die bepalinge vir gekoöpteerde lede is as volg:*
- *8.13.1 Hulle mag nie meer as 'n derde van die vergadering uitmaak nie ('n Maksimum van drie lede mag gekoöpteer word).*
- *8.13.2 Hulle sal slegs dien in 'n adviserende hoedanigheid en as nie-stemgeregtigde lede van die Beheerliggaam.*
- *8.13.3 Hulle hoef nie noodwendig ingeskrewe ouers van die skool te wees nie.*

*8.14 Die Beheerliggaam vergader 'n minimum van een keer per kwartaal op 'n datum, tyd en plek soos bepaal deur die Voorsitter. Indien die Voorsitter dit nodig ag, mag meer vergaderings gehou word. Slegs die Voorsitter mag 'n vergadering uitroep. Lede van die Beheerliggaam mag slegs 'n versoek tot die Voorsitter rig vir 'n vergadering, waarna die Voorsitter sal besluit oor die nodigheid daarvan, die datum, tyd en plek van die vergadering.*

## *9. DIE DIREKSIE*

*9.1 Die Direksie van die maatskappy bestaan uit drie lede.*

*9.2 Die drie lede van die Direksie (Direkteure van die maatskappy) word verkies/aangewys deur die Ouervergadering/Ledevergadering vanuit die lede van die Beheerliggaam.*

*9.3 Die Beheerliggaamvergaderings word geag ook Direksievergaderings van die maatskappy te wees.*

*9.4 Die bepalings van die Statute is van toepassing op die Direksie van die maatskappy.*

***10. DIE SKOOLHOOF***

*10.1 Die Skoolhoof word aangestel deur die Beheerliggaam waarna die aanstelling deur die ouervergadering bekragtig word.*

*10.2 Die Skoolhoof is die Hoof en Uitvoerende Bestuurder van die skool wat bemagtig is met uitvoerende gesag rakende die dag-tot-dag bestuursfunksies van die skool. Die Beheerliggaam en ouervergadering is nie direk betrokke by die dag-tot-dag bestuursfunksies van die skool nie. Die skoolhoof doen verslag aan die Beheerliggaam aangaande die dag-tot-dag bestuur van die skool.*

*10.3 Die Ouervergadering en Beheerliggaam is verantwoordelik vir die daarstelling van beleide terwyl die uitvoering van die beleid die uitsluitlike verantwoordelikheid van die Skoolhoof is.*

*10.4 Die personeel van die maatskappy/skool is onder die direkte beheer van die Skoolhoof. Al die personeel rapporteer aan die Skoolhoof. Met die uitsluiting van die Skoolhoof, rapporteer geen personeellid direk aan die Beheerliggaam of ouervergadering nie. In geval van dispute tussen personeellede en personeel en ouers hanteer die Skoolhoof die dispuut of die klagte. Indien die dispuut of klagte betrekking het op die Skoolhoof, word dit na die Voorsitter van die Beheerliggaam verwys om te hanteer. In so geval doen die Voorsitter verslag aan die Beheerliggaam.*

*10.5 Die Skoolhoof is verantwoordelik vir die implementering van die kurrikulum en assesseringsbeleide van die skool ooreenkomstig die Kurrikulum en Assesseringsbeleidsverklaring (KABV: Graad R tot 9) en die vakriglyne van die Onafhanklike Eksamineringsraad (IEB: Graad 10 to 12).*

*10.6 Die Skoolhoof rapporteer aan die Beheerliggaam.*

*10.7 Die aanstelling en ontslag van die skoolhoof word aanbeveel deur die Beheerliggaam en kan slegs geskied bywyse van 'n 50%+1 meerderheidsbesluit van die ouervergadering.*

***11. FINANSIES:***

*11.1 Alle finansiële aspekte van die maatskappy word omskryf in die Statute en die Finansiële beleid. Daaraan moet voldoen word. Die finansiële jaareinde van die Maatskappy is 31 Desember elke jaar.*

*11.2 Daar word jaarliks 'n begroting met voorgestelde skoolgelde aan die ouervergadering voorgelê vir oorweging en goedkeuring.*

*11.3 Die Skoolhoof magtig alle uitgawes voordat dit aangegaan mag word. Ongemagtigde uitgawes moet verhaal word vanaf die persoon wat die uitgawe aangegaan het. Die Skoolhoof is gemagtig om begrote uitgawes goed te keur en verslag te doen aan die Beheerliggaam. Nie-begrote uitgawes moet vooraf aan die Beheerliggaam voorgelê word vir oorweging en magtiging.*

*11.4 Die Skoolhoof doen finansiële verslaglewering aan die Beheerliggaam met elke sitting van die Beheerliggaam.*

*11.5 Die Beheerliggaam is oorhoofs verantwoordelik vir die finansiëlebeheer en kontrole en moet aan die ouervergadering verslag doen aangaande die finansies van die skool.*

*11.6 Die finansiële rekords moet jaarliks deur onafhanklike ouditeure, wat aangestel is deur die ouervergadering, nagegaan word en verslag lewer aangaande hulle bevindinge aan*

*die ouervergadering.*

## ***12. STEMMING BY BEHEERLIGGAAMVERGADERINGS:***

*12.1 Met die uitsondering van die gekoöpteerde lede van die Beheerliggaam, het al die ander lede volle stemreg.*

*12.2 By 'n staking van stemme beskik die voorsitter oor 'n beslissende stem.*

*12.3 Besluite word geneem met 'n gewone meerderheid (50%+1).*

*12.4 Alle stemgeregtigde lede is daartoe gemagtig om by alle beheerliggaamvergaderings sy of haar stem uit te bring. Stemming mag plaasvind bywyse van die opsteek van hande of per geslote stembrief. Enige lid van die vergadering mag versoek dat 'n stemming per geslote stembrief plaasvind. Die finale besluit of aan die versoek voldoen gaan word, is gesetel in die Voorsitter van die Beheerliggaam. Die Voorsitter se besluit is finaal.*

*12.5 Indien 'n formele vergadering nie kan plaasvind nie as gevolg van omstandighede soos bepaal deur die Voorsitter van die Beheerliggaam, mag enige lid van die vergadering 'n punt per e-pos of enige ander elektroniese media, soos goedgekeur deur die Beheerliggaam, voorlê aan die Voorsitter van die Beheerliggaam en versoek dat die saak per epos of elektronies/internet media, voorgelê word aan die lede van die Beheerliggaam vir oorweging. Indien die versoek goedgekeur is deur die Voorsitter mag die saak ter tafel geplaas word via e-pos of enige ander goedgekeurde elektronies/internet media, vir oorweging.*

*Lede mag per epos of enige ander goedgekeurde elektronies/internet media hulle kommentaar aangaande die saak ter tafel aan al die lede van die Beheerliggaam stuur vir in agneming alvorens 'n besluit geneem word. Sodanige kommentare moet geplaas wees binne 12 uur nadat die saak per epos of enige ander elektronies/internet media voorgelê is. Elke lid van die Beheerliggaam mag sy of haar stem per e-pos of enige ander elektroniese/internet media, soos bepaal deur die Voorsitter, uitbring binne 24 uur nadat dit vir die eerste keer ter tafel gelê is. 'n Meerderheidsbesluit sal van krag wees. Die sekretaresse van die Beheerliggaam sal rekord hou van die besluit wat hier kragtens geneem word en sal die uitslag van sodanige stemming op rekord plaas. Die Voorsitter, of sy/haar genomineerde, sal die besluit aan al die lede via e-pos bekend maak. Sodanige besluit sal genotuleer word en geag word as 'n wettige en geldige besluit van die Beheerliggaam.*

## ***13.* DIE OUERVERGADERING:**

*13.1 Die vergadering staan onder die voorsitterskap van die Voorsitter van die Beheerliggaam en daar moet 21 kalenderdae kennis gegee word van die tyd, datum, plek en agenda wat bespreek gaan word tydens die betrokke vergadering. Geen nuwe punte mag tydens die vergadering bygevoeg word nie en geen mosies mag behandel word nie, tensy daar 21 kalender dae daarvan kennis gegee is.*

*13.2 Slegs ingeskrewe ouers wat voldoen aan paragraaf 7.1 en ander Beheerliggaamslede mag deelneem aan die prosesse tydens die ouervergadering.*

*13.3 Die Ouervergadering verkies drie-jaarliks Beheerliggaamslede op sy Algemene jaarvergadering. Indien 'n Beheerliggaamslid bedank, word 'n nuwe lid so spoedig*

*moontlik aangewys op dieselfde wyse as wat die lid wat bedank het, aangewys/verkies is. Die termyn van die dienende beheerliggaam mag eenmalig met drie jaar (een termyn) verleng word.*

*13.4 Die Ouervergadering verkies lede tot die Beheerliggaam in ooreenstemming met paragraaf 8 van hierdie grondwet.*

*13.5 Indien daar kennis van die vergadering gegee is ooreenkomstig die bepalings van hierdie grondwet, word die lede teenwoordig beskou as ‘n kworum en word dit as ‘n behoorlike gekonstitueerde vergadering verklaar mits daar tenminste drie lede teenwoordig is. Indien ‘n vergadering uitgestel is tot ‘n latere datum as gevolg van nie-kworum teenwoordig, word die getal lede teenwoordig by die uitgestelde vergadering beskou as ‘n kworum.*

*13.6 Stemreg word bepaal as een stem per gesin, ongeag van hoeveel kinders in die gesin ingeskryf is by die skool. Elke gesin het dus een stem.*

*13.7 By 'n staking van stemme beskik die voorsitter oor 'n beslissende stem.*

*13.8 Besluite word geneem met 'n gewone meerderheid.*

## ***14. <u>STEMMING BY OUERVERGADERING:</u>***

*14.1 Stemreg word bepaal as een stem per gesin, ongeag van hoeveel kinders in die gesin ingeskryf is by die skool. Elke gesin het dus een stem.*

*14.2 By 'n staking van stemme beskik die voorsitter oor 'n beslissende stem.*

*14.3 Besluite word geneem met 'n gewone meerderheid (50%+1), behalwe in die geval van ‘n wysiging aan die grondwet van die skool waar ‘n twee derde meerderheid benodig word vir die wysiging om van krag te wees.*

*14.4 Alle stemgeregtigde lede is daartoe gemagtig om by alle ouervergaderings sy of haar stem uit te bring. Stemming mag plaasvind bywyse van die opsteek van hande of per geslote stembrief. Enige lid van die vergadering mag versoek dat ‘n stemming per geslote stembrief plaasvind. Die finale besluit of aan die versoek voldoen gaan word, is gesetel in die Voorsitter van die Beheerliggaam. Die Voorsitter se besluit is finaal.*

*14.5 Elektronies/Internet media stemming:*

*14.5.1 Indien ‘n formele vergadering nie kan plaasvind nie as gevolg van omstandighede soos bepaal deur die Voorsitter van die Ouervergadering, mag enige lid van die ouervergadering ‘n punt per e-pos of enige ander elektroniese media, soos goedgekeur deur die Beheerliggaam, voorlê aan die Voorsitter en versoek dat die saak, voorgelê word aan die Beheerliggaamvergadering vir oorweging. Indien sodanige versoek goedgekeur is deur die Voorsitter mag die saak ter tafel geplaas word vir oorweging deur die Beheerliggaam of verwysing na die Ouervergadering.*

*14.5.2 Lede mag per epos of enige ander goedgekeurde elektronies/internet media hulle kommentaar aangaande enige saak ter tafel plaas alvorens ‘n besluit geneem is.*

14.5.3 *Elke stemgeregtigde lid van die Ouervergadering mag sy of haar stem per e-pos of enige ander elektroniese/internet media, soos bepaal deur die Voorsitter, uitbring binne 7 kalenderdae nadat die saak vir die eerste keer tot elektronies/internet media stemming gebring is.*

14.5.4 *Die sekretaresse van die Ouervergadering/Beheerliggaam sal rekord hou van die besluit wat hier kragtens geneem word en sal die uitslag van sodanige stemming op rekord plaas ooreenkomstig die bepalings van paragraaf 14.3. Die Voorsitter, of sy/haar genomineerde, sal die besluit aan al die lede van die ouervergadering bekend maak. Sodanige besluit sal genotuleer word en geag word as 'n wettige en geldige besluit van die Ouervergadering.*

## ***15.*** **WYSIGING VAN DIE GRONDWET:**

*Hierdie grondwet kan gewysig word mits die volgende bepalings nagekom word:*

15.1 *Alle lede van die Maatskappy moet skriftelik, en minstens 21 dae voor die betrokke vergadering, verwittig word van die wysiging asook van die datum, tyd en plek van die vergadering.*

14.2 *Die bestaande bepaling van die grondwet, sowel as die beoogde verandering moet aangetoon word op die kennisgewing.*

14.3 *By die vergadering waarop daar oor die grondwetwysiging besluit word, moet daar 'n kworum soos bepaal in paragraaf 13.5 teenwoordig wees.*

14.4 *Die grondwetwysiging moet aanvaar word deur minstens twee derdes van die teenwoordige lede.*

## ***16.*** **DIE SKOOLBELEID:**

*Die skoolbeleid, wat onder andere ook die interne bestuur van die skool omskryf, word opgestel deur die Bestuurspan en bekragtig deur die Beheerliggaam. Dit is die dokument wat die beleid en prosedures van die verskillende bestuursterreine bevat. Die uitvoering van die bepalinge daarvan is bindend vir alle partye. Die skoolbeleid kan verander word deur 'n meerderheidsbesluit van die Beheerliggaam of die ledevergadering, maar mag nooit in stryd met die Statute of die Grondwet van die Maatskappy wees nie.*

*WYSIGING VAN DIE SKOOLBELEID:*

15.1 *By wysiging van 'n skoolbeleid moet daar skriftelik en minstens 7 dae voor die Beheerliggaamsvergadering, aan alle lede van die beheerliggaam kennis gegee word van:*

15.1.1 *Die plek, datum en tyd van die vergadering*
15.1.2 *Die betrokke verandering deur skriftelik die bestaande bepaling, sowel as die verandering aan te toon.*

15.2 *By die vergadering waarop daaroor die wysiging van die skoolbeleid besluit word,*

*moet 'n kworum teenwoordig wees.*

15.3 *Die grondwetwysiging moet aanvaar word deur minstens twee derdes van die teenwoordige lede.*

***16. <u>ONTBINDING:</u>***

*Sonneveld Akademie kan deur die lede van die maatskappy ontbind word indien:*

*16.1 Skriftelike kennis vir 'n spesiale vergadering tesame met 'n kennisgewing van die beoogde ontbinding minstens 21 kalenderdae voor die betrokke vergadering aan al die lede gestuur is.*

*16.2 By 'n vergadering waarop daaroor die ontbinding besluit word, moet die kworum soos bepaal in paragraaf 13.5 wees.*

*16.3 Die ontbinding moet aanvaar word deur minstens twee derdes van die teenwoordige lede.*

*******************************************************